Natuurwetenskappe · Graad 7

Lewe en Lewenswyse, Materie en Materiale

Kwartaal 1–2 | 6 vrae | KABV-gerig

TOTAAL 63 PUNTE

NAAM EN VAN _____ KLAS _____ DATUM _____

Instruksies

1. Hierdie vraestel bestaan uit TWEE afdelings. Beantwoord al die vrae.
2. Beantwoord al die vrae op die vraestel self, in die spasies wat voorsien word.
3. Lees elke vraag noukeurig deur voordat jy begin skryf.
4. Skryf netjies en leesbaar. Werk wat nie gelees kan word nie, kan nie gemerk word nie.
5. Jy mag 'n potlood en 'n liniaal gebruik vir tekeninge en diagramme.
6. Hierdie toets dek die werk van Kwartaal 1 en Kwartaal 2 (die Junie-eksamen). Toets 2 van 2 dek die werk van Kwartaal 3 en Kwartaal 4 vir die November-eksamen.

Vraag	Onderwerp	Punte	Behaal
1	Meervoudige keuse	6	
2	Kolom A en B	5	
3	Terminologie	7	
4	Gevallestudie	18	
5	Diagramme en apparaat	14	
6	Langer vrae	13	
	Totaal	63	
	Persentasie		%

Gratis voorbeeld · druk en deel dit gerus

Hierdie toets is 'n gratis voorbeeld van MeerkatSkool. Druk dit gerus vir jou kind en deel dit met ander ouers en onderwysers. Vra ons oor die volledige boekie met al die toetse en memo's: meerkatskool.co.za of WhatsApp 066 462 7629. Hierdie voorbeeld mag nie verkoop word nie.

Afdeling A — Kort vrae

1 Meervoudige keuse — 6 punte

Kies die korrekte antwoord en omkring die letter daarvan.

1.1 Die kleinste eenheid van lewe is die: **(1)**

(a) weefsel (b) sel (c) orgaan

1.2 Waar op die Periodieke Tabel word die METALE gevind? **(1)**

(a) aan die linkerkant (b) heel regs (c) net in die onderste ry

1.3 Watter deel van 'n plantsel gee dit sy stywe vorm? **(1)**

(a) selwand (b) selmembraan (c) kern

1.4 'n Stof met 'n pH van 3 is: **(1)**

(a) 'n basis (b) 'n suur (c) neutraal

1.5 Watter metode skei sand van water? **(1)**

(a) verdamping (b) chromatografie (c) filtrering

1.6 Die oordrag van stuifmeel na die stempel heet: **(1)**

(a) bestuiwing (b) bevrugting (c) ontkieming

2 Kolom A en B

5 punte

2.1 Pas die term in Kolom A by die beskrywing in Kolom B. **(5)**

Kolom A	Kolom B
1. Element	A. 'n Stof wat van kleur verander om te wys of iets 'n suur of 'n basis is
2. Mengsel	B. 'n Suiwer stof wat nie in eenvoudiger stowwe afgebreek kan word nie
3. Indikator	C. 'n Plant wat sy sade in keëls vorm, byvoorbeeld 'n broodboom
4. Gimnosperm	D. 'n Groep organismes wat eenders is en wat met mekaar kan voortplant en vrugbare nakomelinge kan hê
5. Spesie	E. Twee of meer stowwe met verskillende fisiese eienskappe wat met mekaar gemeng is

3 Terminologie

7 punte

3.1 Skryf die korrekte term langs elke beskrywing. **(7)**

Beskrywing	Term
Die proses waardeur 'n plant sy eie kos maak	
Selle van dieselfde soort wat saamwerk	
Die verskeidenheid van lewe in 'n gebied	
'n Stof met 'n pH bo 7	
Die enigste metaal wat by kamertemperatuur 'n vloeistof is	
Om lewende dinge in groepe te sorteer	
'n Mengsel wat oral dieselfde lyk	

Afdeling B

Langer vrae

4 Gevallestudie

18 punte

BRON A · DIE SKOOL SE GROENTETUIN

Die Graad 7-klas het 'n groentetuin aangelê. Hulle het spinasie in twee beddings geplant.

Bedding 1 staan in die volle son. Bedding 2 staan onder 'n groot boom en kry ongeveer twee uur son per dag.

Ná ses weke was die spinasie in Bedding 1 gemiddeld 24 cm hoog met donkergroen blare. Bedding 2 se plante was 9 cm hoog met bleek, geel blare.

Albei beddings het dieselfde grond, dieselfde kompos en dieselfde hoeveelheid water gekry.

'n Ondersoek deur die Graad 7-klas.

4.1 Watter EEN veranderlike het tussen die twee beddings verskil? **(2)**

4.2 Noem DRIE dinge wat dieselfde gehou is. **(3)**

4.3 Verduidelik waarom Bedding 2 se plante bleek en geel was. **(3)**

4.4 Skryf die woordvergelyking vir fotosintese neer. **(3)**

4.5 Hoekom is dit belangrik dat albei beddings dieselfde water gekry het? **(2)**

4.6 Die klas wil die toets herhaal. Noem TWEE dinge wat hulle moet doen om die resultaat betroubaarder te maak. **(2)**

4.7 Watter deel van die plant neem die water op, en watter deel maak die kos? **(2)**

4.8 Noem EEN ander faktor wat plantegroei kan beïnvloed. **(1)**


5 Diagramme en apparaat

14 punte

5.1 Skryf langs elke element of dit 'n METAAL, 'n SEMI-METAAL of 'n NIE-METAAL is. **(3)**

Element	Metaal, semi-metaal of nie-metaal
Aluminium (Al)	
Silikon (Si)	
Stikstof (N)	


5.2 Bestudeer die plant hieronder en benoem die dele A tot D. **(4)**



A: _____ B: _____

C: _____ D: _____

5.3 Bestudeer die toestel hieronder en skryf by elke letter wat dit is. **(3)**



A: _____ B: _____ C: _____

5.4 Skryf die skeidingsmetode langs elke mengsel. **(4)**

Mengsel	Skeidingsmetode
Sand en water	
Sout en water	
Yster en swael	
Die kleurstowwe in ink	

6 Langer vrae

13 punte

6.1 'n Leerder het 'n mengsel van sand, ystervylsel en sout. Beskryf stap vir stap hoe sy die mengsel kan skei en al drie stowwe kan opvang. **(4)**

6.2 Rangskik van die kleinste na die grootste en verduidelik jou volgorde: orgaan · sel · weefsel · orgaanstelsel **(4)**

6.3 Noem DRIE maniere waarop sade versprei word, met 'n voorbeeld van elk. **(3)**

6.4 Verduidelik hoekom biodiversiteit vir 'n ekosisteem saak maak. **(2)**

Totaal **63 punte**



Gratis vasvrae

Klaar met hierdie toets? Oefen verder aanlyn!

Meer as 12 000 gratis vrae vir Graad 4 tot 7, in elke vak en volgens KABV. Na elke antwoord kry jou kind 'n kort verduideliking. Geen registrasie nodig, en dit werk op 'n foon.

meerkatskool.co.za

Skandeer met jou foon om dadelik te begin

'n Klein versoek van ons

Baie dankie dat jy MeerkatSkool ondersteun! Ons is 'n klein Suid-Afrikaanse besigheid, en elke vraestel is met groot sorg saamgestel.

Hierdie toets en memo is 'n gratis voorbeeld: deel dit gerus met ander ouers en onderwysers. Vra ons oor die volledige boekie: meerkatskool.co.za of WhatsApp 066 462 7629.

Dankie!
Die MeerkatSkool-span

Gratis vasvrae
meerkatskool.co.za

E-pos
info@meerkatskool.co.za

WhatsApp en oproepe
066 462 7629

Help ons verbeter

Kry jy 'n fout in hierdie toets? WhatsApp ons dadelik. Ons maak dit binne 24 uur reg en stuur vir jou die nuwe weergawe.

Skandeer om ons te WhatsApp · 066 462 7629